



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NATIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**VERBRUIKERSTUDIES
NOVEMBER 2008**

PUNTE: 200

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n antwoordblad.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. AFDELING A moet op die aangehegte ANTWOORDBLAD beantwoord word en moet agter in die ANTWOORDBOEK geplaas word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
5. 'n Sakrekenaar mag gebruik word.
6. Skryf slegs met swart of blou ink.
7. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.12) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as daar meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord verskyn nie.
- 1.1.1 Belasting op verbruikersgoedere en dienste gelewer staan as ... bekend.
- A SIBW
 - B LBS
 - C BTW
 - D AVB
- (2)
- 1.1.2 Die aanhoudende proses van verandering in kledingstyle wat deur 'n groot groep mense aanvaar en gevolg word, staan as ... bekend.
- A mode
 - B 'n modegril
 - C hoogmode
 - D ouderwetse mode
- (2)
- 1.1.3 Die sleutel tot klerekasbeplanning is om klere te kies ...
- A met neutrale kleure.
 - B wat volgens die nuutste modeneigings is.
 - C wat tydloos klassiek is.
 - D wat by jou lewenstyl pas.
- (2)
- 1.1.4 Dit sal vir 'n persoon wat net een arm het, maklik wees om 'n hemp te dra wat voor oopmaak met ...
- A knope en knoopsgate.
 - B klitsband (Velcro).
 - C hakies en ogies.
 - D drukkertjies.
- (2)
- 1.1.5 Al die voorbeelde in die groep is mensgemaakte vesels.
- A Rayon, poliëster, nylon
 - B Sybokhaar, sy, poliëster
 - C Rayon, sybokhaar, nylon
 - D Poliëster, sy, nylon
- (2)

- 1.1.6 Hoë bloeddruk word deur ... veroorsaak.
- A 'n lae vlak van vet in die bloed
 - B te veel suiker in die dieet
 - C 'n lae alkoholgebruik
 - D 'n oormatige soutinname (2)
- 1.1.7 Cindy hou van gesoute neute, gebraaide skyfies en wegneem-etes. Haar dieet het 'n gebrek aan ...
- A vitamieene en proteïene.
 - B vesel en suiker.
 - C suiker en vet.
 - D koolhidrate en proteïene. (2)
- 1.1.8 Wanneer eiendom aangekoop word, word die oordragkoste aan die ... betaal.
- A munisipaliteit
 - B aktekantoor
 - C eiendomsagent
 - D belastingkantoor (2)
- 1.1.9 'n Rolspeler wat dit moontlik maak om ander fondse as dié van finansiële instellings vir die koop van 'n huis te bekom, is 'n ...
- A makelaar.
 - B eiendomsagent.
 - C nie-regeringsorganisasie.
 - D Al die bogenoemde. (2)

Gebruik die onderstaande tabel van ontbytgraankos om vraag (1.1.10 – 1.1.12) te beantwoord.

Tipiese waardes	All Bran vlokkies	Cornflakes	Rice Crispies	Special K
Energie	465 kJ	631 kJ	648 kJ	627 kJ
Proteïene	3,9 g	3g	2 g	4 g
Koolhidrate	17,5 g	30 g	35 g	32 g
Suiker	3,8 g	3g	4 g	8 g
Vesel	7 g	1,2 g	0,4 g	2 g
Totale vet	1 g	0,4 g	0,5 g	4 g
Natrium	260,8 mg	380 mg	260 mg	230 mg
Vitamiën A	160 µgRE	160 µgRE	200 µgRE	164 µgRE
Vitamiën C	12 mg	12 mg	12 mg	10 mg
Vitamiën B3	3,6 mg	3,6 mg	6 mg	3 mg
Yster	2,8 mg	2,1 mg	3 mg	2 mg

1.1.10 Die produk wat die beste pas by die voedselgebaseerde dieet-rylyn "om sout spaarsaam te gebruik," is ...

- A All Bran-vlokkies.
- B Cornflakes.
- C Rice Crispies.
- D Special K.

(2)

1.1.11 Hierdie produk kan aanbeveel word vir 'n jong volwassene wat gewig wil verloor.

- A All Bran-vlokkies
- B Cornflakes
- C Rice Crispies
- D Special K

(2)

1.1.12 'n Tiener wat aktief by sport betrokke is, sal die volgende ontbytgraankos verkies.

- A All Bran-vlokkies
- B Cornflakes
- C Rice Crispies
- D Special K

(2)

- 1.2 Kies die organisasie uit KOLOM B wat by die probleem in KOLOM A pas. Kies die antwoord en maak 'n kruis (X) in die blokkie (A-G) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.4) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie vir 'n antwoord verskyn nie.

KOLOM A PROBLEEM		KOLOM B ORGANISASIE	
1.2.1	Jy het al verskeie opsies gebruik om 'n probleem op te los met betrekking tot onbevredigende diens wat deur 'n maatskappy gelewer is. Nader hierdie instansie vir verdere optrede.	A	Die Direkte- bemarkingsvereniging
1.2.2	Na die dood van Anna se tante het haar familie geglo dat dit die dokter se skuld was. Waar kan hulle gaan kla?	B	Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
1.2.3	'n Finansiële instansie het belowe om uit te vind hoe R2 000 uit jou rekening verdwyn het. Wie moet jy kontak as jy verdere stappe wil doen?	C	Nasionale Verbruikersforum
1.2.4	Jou ouma het nie hierdie maand haar pensioen ontvang nie. Die amptenare beweer dat sy van die stelsel verwyder is. Wie kan jy kontak?	D	Die Openbare Beskermer
		E	Die Regshulpraad
		F	Die Professionele Gesondheids- raad van Suid-Afrika
		G	Die Bankberegter

(4 x 2) (8)

- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – G) langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.4) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie vir 'n antwoord verskyn nie.

KOLOM A TERM	KOLOM B BESKRYWING
1.3.1 Subsidie	A Die persoon wat 'n huis, woonstel of enige ander tipe behuising huur.
1.3.2 Titeloordrag	B Die persoon by wie jy huur.
1.3.3 Deeltitel	C Die belangrikste manier waarop die departement van behuising huise vir die armes voorsien.
1.3.4 Huurder	D 'n Ooreenkoms tussen die eienaar en die huurder van 'n huis.
	E Wooneenhede is individuele besit maar daar is gemeenskaplike areas, soos hysbakke, gange en 'n swembad.
	F Voorwaardes vir die verkoop van die eiendom.
	G 'n Dokument wat die besonderhede van die eienaar en eiendom bevat.

(4 x 2) (8)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING**VRAAG 2**

- 2.1 Noem DRIE verskille tussen die eetsteurnisse bulimie en anoreksie. Tabuleer jou antwoord soos volg:

Bulimie	Anoreksie
1.	1.
2.	2.
3.	3.

(6)

- 2.2 Beantwoord die volgende vrae oor diabetes:

2.2.1 Verduidelik wat *diabetes* is. (3)

2.2.2 Stel SES eetgewoontes voor om die dieet van 'n diabetes-lyer te beheer. (6)

- 2.3 Beveel DRIE voedselsoorte aan wat kan help om anemie te voorkom. (3)

- 2.4 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

Geneties gemanipuleerde voedsel

Geneties gemanipuleerde voedsel word ontwikkel en bemark omdat daar sekere waarneembare voordele vir die produsent of verbruiker van hierdie voedsel is. Daar word beweer dat dit 'n produk met 'n laer prys en groter voordele (ten opsigte van duursaamheid of voedingswaarde) of albei is. Die ontwikkelaars van geneties gemanipuleerde saad wou aanvanklik hê dat hulle produkte deur produsente sowel as die voedselindustrie aanvaar moet word. Die aanvanklike rede vir die ontwikkeling van plante gebaseer op geneties gemanipuleerde organismes was om die beskerming van gesaaides te verbeter. Die geneties gemanipuleerde voedsel wat tans op die mark beskikbaar is, is gemik op die verhoogde beskerming van gesaaides deur plante bekend te stel wat 'n weerstand het teen plantsiektes as gevolg van insekte of virusse, of deur die verhoogde toleransie teenoor onkruidodders.

Geneties gemanipuleerde voedsel wat tans op die mark beskikbaar is en wat reeds risiko-assessering ondergaan het, behoort nie 'n veiligheidsrisiko vir menslike gesondheid in te hou nie. Daarbenewens het die algemene bevolking in die lande waar dit reeds goedgekeur is, geen nuwe-effekte op hulle gesondheid ondervind as gevolg van die inname van sodanige voedsel nie.

2.4.1 Noem TWEE voorbeelde van geneties gemanipuleerde gewasse. (2)

2.4.2 Hoe kan verbouers, voedselverwerkers en verbruikers baat vind by geneties gemanipuleerde voedsel? (6)

- 2.5 Stel DRIE riglyne voor vir die behoud van 'n gebalanseerde dieet terwyl laktose-intoleransie beheer word. (6)

- 2.6 Bespreek hoe die voorkoming en beheer van die MIV/VIGS-pandemie 'n negatiewe uitwerking op die Suid-Afrikaanse ekonomie kan verhoed. (8)

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: KLEDING**VRAAG 3**

- 3.1 Verduidelik die simboliese betekenis van elk van die volgende:
- 3.1.1 Beroep (3)
 - 3.1.2 Status (3)
 - 3.1.3 Uniform (3)

- 3.2 Verduidelik waarom modebewuste jong volwassenes verkies om klere en bykomstighede met handelsname soos die wat hieronder geïllustreer is, te koop.



- 3.3 Bespreek die riglyne wat 'n pas aangestelde jong volwassene in gedagte moet hou by die aankoop van nuwe klere en bykomstighede vir die werksomgewing. (9)
- 3.4 Verduidelik hoe 'n voornemende werkgewer tydens 'n onderhoud deur 'n persoon wat sorgvuldig geklee is, beïndruk kan word. (8)
- 3.5 Evalueer die impak van die produksie van katoen en wol op die Suid-Afrikaanse omgewing. (8)

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: BEHUISING EN MEUBILERING**VRAAG 4**

4.1 Lewer kommentaar op die implikasies van die huur van 'n huis. (4)

4.2 Noem VIER finansiële verantwoordelikhede wat 'n persoon het wat die eerste keer 'n huis koop. (4)

4.3 Stel maontlike elektrisiteitsbesparingsmaatreëls voor sodat daar aan die Suid-Afrikaanse oproep vir die vermindering van huishoudelike elektrisiteitsverbruik voldoen kan word. Tabuleer jou antwoord soos volg:

	Elektrisiteitsverbruik	Besparingsmaatreëls	
4.3.1	Beligting in die huis		(2)
4.3.2	Kos kook		(2)
4.3.3	Waterverhitting		(2)

4.4 Verduidelik waarom dit noodsaaklik is dat 'n persoon wat 'n huis wil huur, die kontrak moet lees voordat dit onderteken word. (6)

4.5 Bespreek die voor- en nadele van enige TWEE kooptransaksies wat 'n verbruiker kan gebruik om meubels te koop. Tabuleer jou antwoord soos volg:

Kooptransaksie	Voordele	Nadele	
1.	1.	1.	(6)
2.	2.	2.	

4.6 Stel DRIE riglyne voor wat 'n jong verbruiker kan volg wanneer kruideniersware aangekoop word ten einde rommel te voorkom. (6)

4.7 Waarom moet Suid-Afrikaanse verbruikers bydra om rommel te voorkom en te begin herwin. (8)

TOTAAL AFDELING D: 40

AFDELING E**VRAAG 5**

- 5.1 Waarom is dit belangrik om 'n dienskontrak te teken? (2)
- 5.2 Verduidelik hoe die Arbeidswet voorsiening maak vir onregverdige diskriminasie en ontslag in die werkplek. (8)
- 5.3 Bespreek VIER eienskappe wat 'n jong entrepreneur moet hê om 'n suksesvolle besigheid te kan bedryf. (8)
- 5.4 Noem VYF belangrike riglyne wat 'n entrepreneur moet volg om die volhoubare verkope van die produk te verseker. (5)
- 5.5 'n Entrepreneur vervaardig 100 produkte om by die vlooiemark te verkoop. Tien verpakte produkte is tydens die vervoer daarvan beskadig. Gebruik onderstaande syfers om die verkoopprijs van een produk, met 'n 20% winsgrens, te bereken.
- Pas die verkoopprijs aan om die gebruik van baie kleingeld te vermy. Rond die finale verkoopprijs af.
- | | |
|-------------------------|-----------------|
| Beginkoste: | R375,00 |
| Produksiekoste: | R60,00 |
| Verpakking: | R54,00 |
| Advertensiepamflette: | (100 @ 24c elk) |
| Vervoer na verkooppunt: | R18,00 |
| Huur van verkooppunt: | R9,00 per uur |
- * Die mark is oop van 08:00 tot 16:00 (9)

- 5.6 Kies EEN van die onderstaande produkte en verduidelik die kriteria waaraan die verpakking moet voldoen om verkope te bevorder. (8)



FIGUUR 1: Hemp



FIGUUR 2: Varsgebakte muffins



FIGUUR 3: Geborduurde handdoeke

TOTAAL AFDELING E: 40

GROOTTOTAAL: 200

AFDELING A**ANTWOORDBLAD**

EKSAMENNOMMER														
----------------------	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

SENTRUMNOMMER														
----------------------	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

VRAAG 1				
1.1	A	B	C	D
1.2	A	B	C	D
1.3	A	B	C	D
1.4	A	B	C	D
1.5	A	B	C	D
1.6	A	B	C	D
1.7	A	B	C	D
1.8	A	B	C	D
1.9	A	B	C	D
1.10	A	B	C	D
1.11	A	B	C	D
1.12	A	B	C	D

(12 x 2) (24)

VRAAG 1.2							
1.2.1	A	B	C	D	E	F	G
1.2.2	A	B	C	D	E	F	G
1.2.3	A	B	C	D	E	F	G
1.2.4	A	B	C	D	E	F	G

(4 x 2) (8)

VRAAG 1.3							
1.3.1	A	B	C	D	E	F	G
1.3.2	A	B	C	D	E	F	G
1.3.3	A	B	C	D	E	F	G
1.3.4	A	B	C	D	E	F	G

(4 x 2) (8)

TOTAAL AFDELING A: 40